# Botrivier Biblioteek

## 'n ware aanwins





GILLIAN DE JONGH
**Bibliotekaris, Botrivier Openbare Biblioteek**

Aansluitingsgetalle groei by die dag na die opening van Botrivier Biblioteek in Desember 2005. Die rustige dorpie Botrivier lê tussen Caledon en Grabouw op die N2 hoofroete na Kaapstad. Hierdie klein dorpie naby Kleinmond se naam is al so lank terug as 1672 as Botterrivier aangeteken. Die naam het so ontstaan aangesien die plaaslike Khoikhoi wat hier vee aangehou het, die handelaars van Kaapstad van botter voorsien het. Vandag word 'n groot verskeidenheid proteas hier verbou en uitgevoer na blomwinkels wêreldwyd.



*Heel bo: Die aansig van Botrivier Biblioteek*

*Bo: Jong gebruikers voor die ingang*

*Links: Vriendelike diens deur Bibliotekaris Gillian de Jongh maak dit vir die gemeenskap 'n plesier om die biblioteek te besoek*

*Onder: Die kinderafdeling word druk besoek*

Die biblioteek is 'n welkome aanwins vir die gemeenskap aangesien dit die eerste openbare biblioteek op Botrivier is. Die totstandkoming van die biblioteek is die resultaat van jarelange versoeke deur lede van die gemeenskap en vandag is Botrivier se mense baie opgewonde oor hul nuwe biblioteek.

Biblioteekpersoneel se visie is *Beplan vir die toekoms* en om deur middel van dienste en aktiwiteite aangebied deur die biblioteek by te dra om Botrivier as gemeenskap te laat ontwikkel. Oopmaaktye word, onder andere, aangepas om die werkers, veral seisoenwerkers, te akkommodeer.

Baie moeite word gedoen om skole by te





Bo: Die pragtige houtrakke en -meubels skep 'n aangename atmosfeer

Onder: Skoliere vind baat by die nie-fiksie materiaal vir skoolprojekte

Heel onder: Lesers geniet die nuwe fasiliteit in hulle gemeenskap
Rakeindes word ook benut as uitstalruimte

Onder regs: Boeke oor relevante onderwerpe word oral in die biblioteek uitgestal om lesers se belangstelling te wek

staan met materiaal vir skoolprojekte. Die vyf omliggende skole in die omgewing vind ook veral baat by die dienste wat die biblioteek lewer.

Die biblioteek is 'n plek vir ontspanning en die groei van kennis en geletterdheid in terme van rekenaaropleiding word hier bevorder. Die vreugde op kinders se gesigte as 'n boek geniet word, is al aansporing wat personeel nodig het. Gedurende vakansietye word vaardighede aangeleer om kinders besig te hou. Personeel het 'n groot passie vir lees en geniet dit om ook ander mense te sien lees.

Met 'n maandelikse sirkulasiesyfer van meer as 5000 lyk dit beslis of Botrivier se mense ywerige gebruikers van hulle nuwe biblioteekfasiliteit is.







